BELEIDSDOKUMENT VIR DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT VIR SUBSIDIE TOEKENNINGS AAN DEERNISHUISHOUDINGS

---

1. **DEFINISIE VAN 'N DEERNISHUISHOUDING**

'n Huishouding waarvan die totale inkomste van die gesamentlike huishouding gelykstaande is aan twee maal die maandelikse ouderdomspensioen plus 10%.

Sodanige huishouding sal 100% subsidie ontvang vir:

(a) Water 6 kl (maksimum)
(b) Vullis
(c) Riool (1 pan)
(d) Elektrisiteit – 100 eenhede
(e) Perseelhuur
(f) Eiendomsbelasting tot 'n maksimum waardasie van R50 000

2. Alle aansoeke ontvang in 'n spesifieke maand sal eers vir subsidie kwalifiseer in die maand wat volg op die maand waarin die aansoek ontvang is.

3. Persone wat oor meer as een woning beskik, sal nie kwalifiseer vir subsidie nie.

4. 'n Lys van name ten opsigte van deernishuishoudings wat subsidie ontvang, sal aan die Kredietburo bekend gemaak word ten einde 'n kontrolemaatreël in te stel dat mense nie subsidie ontvang en nie werklik daarvoor kwalifiseer nie.

4.1 Bekendmaking van inligting oor ander partye sal deur die Stadstesourier of sy gedelegeerde gehanteer word wat die omvang daarvan sal bepaal.

5. Alle aansoeke goedgekeur sal slegs geldig wees vir die finansiële jaar, waarin goedgekeur. Geen waarborg kan verleen word dat dieselfde subsidiebedrag of enige verdere subsidie vir die daaropvolgende finansiële jaar, toegestaan sal word nie. Hierdie beginsel sal ook geld vir enige daaropvolgende jaar solank Interowerheidstoekennings aan Plaaslike Owerhede toegestaan word.

6. Indien 'n aansoeker op 'n oneerlike wyse by wyse van 'n valse verklaring 'n subsidie ontvang of in gebreke bly om die Raad in kennis te stel dat sy omstandighede verbeter het, byvoorbeeld dat hy/sy werk bekom het en sy inkomste meer is as die perk wat die Raad van tyd tot tyd bepaal, sal sy subsidie permanent teruggetrek word met geen terugwerkende eis of rente teen die beskuldigde nie.

7. Elke aansoeker sal ‘n skriftelike ooreenkoms in duplikaat met die Munisipaliteit aangaan om sy maandelikse verpligtinge getrou na te kom en indien die verbruiker se totale bedrag van sy rekening meer is as die gesubsidieërde bedrag, sal verbruikersdienste soos elektrisiteit en water summier gestaak word indien hy/sy nie die verskuldigde balans voor/op die 22ste van elke maand ten volle vereffen nie.

8. Amptenare en raadslede soos deur die Raad aangewys, sal die reg hê om huishoudings te besoek om sosio-ekonomiese opnames en sensusse te doen ten einde inligting en omstandighede te verifieër.

9. Die Raad sal die reg hê om voltydse of deeltydse personeel aan te stel ten einde die Equitable Share te administreer, en vergoeding sal verhaal word uit die Interowerheidstoekenning.

10. Kredietbeheer sal ‘n prioriteit wees vir die Raad en ‘n samewerkingsooreenkoms tussen Masakhane en die gesubsidieërde aansoek sal die hoogste prioriteit geniet, aangesien die Raad dit ten doel het om sy uitstaande skuld te verminder.